Kierieklapper Bonsai Kai

Gestig Junie 2008

Junie 2010

Mei 2010:

Trish het ‘n Dombeia rontundifolia yamadori gebruik vir die Spruitstyl en Mack ‘n Maytenus bachmania vir die skilpaddop styl. Die verskille tussen die twee redelik naby verwate style is uitgewys en bespreek.

Trish bring haar dombeia terug vir kerfwerk tydens die Mei byeenkoms.

Beide is unieke en interessante style wat selde gesien word.

Kommittee vergaderin is gehou in Mei:

Lukas verhuis na KZN en ons benodig dus n’ nuwe tesourier. Ook benodig ons nominasies vir ‘n nuwe sekretaris by die Jaarvergadeing in Julie.

Die beleid gaan ook gefinaliseer word,so enige laaste voorstelle moet na Mack of Tricia gestuur word.

Betaal asb alle 2009/2010 jaargelde so gou as moontlik.

Na die AJV is die 2010/2011 gelde betaalbaar.

BRAT Nuus:

29 Mei 2010 is de BRAT byeenkoms by die Randjieslaagte ouetehuis in Randjieslaagte straat, Highlands North , Naby Balfour Park Mall en Louis Bota Laan. Registrasie begin 08h00. Dit lyk na ‘n opwindende program. Kom geniet die dag. R50 toegang sluit tee, koffie, middagete en briljante demo’s in.

Ook is daar gewoonlik ‘n groot Bonsai winkel vir almal om by inkopies te doen.

Besoekers Welkom

Junie vergadering:

Tricia, Mack en Ria gaan al die elektriese gereedskap saambring en aan Dryfhout style werk. Kom geniet die “ raserige” dem saam met ons

Biblioteek:

Boeke kan teen R5.00 per boek geneem word vir ‘n Maand. Die eerste indeks is klaar gemaak deur Tricia.